# JY KAN MET VERWONDERING EN VERWAGTING LEWE

## NUUSKIERIGHEID IS NORMAAL

Wie van ons wonder nie soms oor die lewe hierna nie? Sal ons mekaar herken? Wat van die mense wat deur diere opgevreet is – hoe gaan hulle weer opstaan? Waarmee gaan ons ons besig hou? *"Ek was 'n weduwee wat weer getrou het – wie se vrou gaan ek in die hemel wees?"*
Bes moontlik het ons al getwyfel ook – gaan daar regtig 'n opstanding wees? Is die hemel nie ook maar net 'n sprokie nie?
Dan sal ons ons kan vereenselwig met die vraag van die Sadduseërs aan Jesus.

SKRIFLESING: Luk 20:27-38

## WIE WAS DIE SADDUSEëRS?

Enigste keer dat Lukas na hulle verwys. Het veral uit ryk en vername families in Jerusalem gekom. Kern van die priesterdom in Jerusalem.
Hulle het net die vyf boeke van Moses as gesaghebbend aanvaar.
Het nie in lewe na die dood geglo nie. Nog minder in opstanding van die dooies. Het ook die bestaan van engele en geeste ontken.– vergl Fariseërs (lees Hand 23:6-8)
= "Realiste" wat skepties en sinies is en spot met enigiets wat hulle nie met hul verstand kan verklaar en met hul sintuie kan waarneem nie.

## HULLE KONFRONTREER JESUS

Sadduseërs stel vraag oor die hiernamaals aan Jesus
Sluit aan by Moses se voorskrif in Deut 25:5 oor die swaershuwelik (leviraatshuwelik).
Gebruik 'n belaglike voorbeeld

> **Motiewe** vir vraag:
> Nie blote nuuskierigheid / eerlike soeke
> Hoop Hy gee hulle gelyk teenoor die Fariseërs se standpunt (troefkaart – wat sou HULLE geantwoord het … ons? looitjies? Weer kon kies?)
> Situasie bewys volgens hulle dat Moses nie in opstanding sou geglo het
> Wil Jesus in verleentheid stel – 19:47,48; 20:19-21 (vergl Matt 22:34,35)

## JESUS BESKRYF DIE TOEKOMSTIGE WêRELD

Sadduseërs vind geen steun by Jesus

> Verwys na "hierdie wêreld" en "die toekomstige wêreld".
> Erken die bestaan van engele (:36)

Bevestig die opstanding uit die dood
Die toekomstige wêreld. = TOTAAL ANDERS
Onsterflik
Trou nie. (Bly?!- nie vir ewig met dieselfde man/vrou getroud nie!)
Mense WORD nie engele na dood – ook geestelike wesens SOOS hulle.

Sadduseërs se denke heeltemal te AARDS!

DIE VRAAGSTELLERS KEN NIE DIE SKRIF EN DIE KRAG VAN GOD NIE
In Matt en Markus lees ons dat Jesus hulle probleem soos volg opgesom het: *"Julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie."* (Matt 22:29)
Skrif: Hy wys hulle daarop dat daar selfs al in die boeke van Moses 'n verwysing is na 'n lewe na hierdie een. Hy vra hulle of hulle dan nie gelees het (in Eksodus 3, i.e. tweede boek van Moses - braambos) dat God gesê het nie *"Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob"* – nie *"Ek WAS"* dit nie. Dus het hulle nog gelewe, al het hulle al gesterwe! Die vraestellers ken nie hulle Bybel goed genoeg nie/ oogklappe - en nou wil hulle die geloof in die hiernamaals belaglik voorstel!
Krag van God: Genesis vertel dat God die wêreld uit niks geskape het; Hy laat braambos brand sonder dat dit uitbrand; gee vir Abraham en Sara wat onvrugbaar was op 'n baie hoë ouderdom 'n kind, Isak! Sal Hy dan nie ook in staat wees om dooies op te wek nie? Vertrou hulle Hom nie dat Hy (nog) almagtig is nie?
Die Sadduseërs was daarna tjoepstil, soos wat Matt skryf, hulle monde was ***"gesnoer"*** (22:34). (Foto van wat dit beteken!)

VANDAG SE VRAE
Hoor en lees vandag nog baie vrae oor opstanding en toekomstige lewe.
Sommige opreg, ander met bybedoelings (christene se geloof in hemel en hel belaglik voorstel; in verleentheid bring: liggelowig/ bygelowig/verspot)
Probleem: Dink AARDS.
**Gesonde realisme** is goed. Realisme wat egter nie met God se vermoëns rekenig hou nie, is ongeloof! Rupert: *"Hy wat nie in wonderwerke glo nie, is nie 'n realis nie!"* Moenie dink God is gebonde aan die natuurwette wat Hy self gemaak het nie.

**Hoe kan 'n mens leer om anders as aards te dink oor die hiernamaals?** *("niemand was al daar en terug")*
Die Skrif = ons bron van kennis

Gee nie antwoorde op AL ons vrae; Baie sogenaamde antwoorde is eintlik maar spekulasie.

Wat ons wel mag weet – totale nuwe orde (New Age): 1 Kor 2:9 *"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir die wat Hom liefhet."* Rom 8:18 *"Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie."*

Fil 1:23 *"… ek verlang daarna om met Christus te wees, want dit is verreweg die beste…"* 2 Kor 5:8 *"… ons lewe deur die geloof, nie deur sien nie. Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon."*

"Asem" !(-rowend)

Behalwe kennis van die Skrif het ons ook VERTROUE in krag van God nodig:

**Jesus uit dood opgewek** = teken en waarborg dat dood oorwin is en van ons eie opstanding

Hebr 11:l *"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."*

**Spoed van lig en klank – vinnigste? Geloofshelde:** *"… hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang."* (Hebr 11:16a)

DIE TOEKOMS WINK

Ondersoek die Skrif – 2 Tim 3:16 *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in <u>waarheid te onderrig</u>, <u>dwaling te bestry</u>, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek…"* Ef 6 *"swaard van die gees"*

Maak seker dat jy 'n **kind van God** is, want dan sal jy *waardig geag* word om die ewigheid in Sy teenwoordigheid te geniet.

Kinders van God is hulle wat hulle *bekeer* van hul sonde en op die Here Jesus *vertrou* vir hul redding en hul lewens aan Hom *oorgegee het*.

**Hulle lewe nie met gesnoerde monde nie, inteendeel -**

Kinders van die Here leef *met verwondering en verwagting* oor die toekoms wat vir ons in die vooruitsig gestel word. Dit is 'n vooruitsig wat ons *troos, inspireer en laat volhard*!

Amen

7/11/2010